

Maandag 11 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 12:1-16

Fokusgedeelte: Numeri 12:11

Wie sê so ...?

Ons hoor vandag so baie: “Ek het Skrif gekry!” of: “Die Here het vir my gesê!”

Mirjam en Aäron het gedink hulle kom hulle familieplig na om Moses aan te spreek oor sy keuse van ’n huweliksmaat. En op ’n sekere manier wou hulle hulle aanmaning regverdig en Moses se gewete te bind deur te sê dat die Here ook deur hulle praat! So sou hulle hul eie woorde verhef tot Goddelike woorde ... of anders gestel: “Die Here het vir my gesê!” Die vraag is, deur wie praat God en deur wie nie?

God sê uiteindelik self vir Aäron en Mirjam: *As daar ’n profeet van die Here onder julle is, maak Ek My aan hom bekend deur visioene en praat Ek met hom in drome (12:6), maar ... met my dienaar Moses is dit anders. Hy is die betroubaarste in my diens (12:11). Met hóm praat Ek direk en persoonlik (12:12).*

In hierdie sin is Moses ’n voorloper van en ’n heenwysing na Jesus Christus (Heb. 3:5)! Jesus is die Woord van God (Joh.1:1). *Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe (1 Joh. 1:1).*

In en deur Jesus Christus het God klaar gepraat. Jesus Christus is die finale (B)oodskap aan die mens. Hy, die Lewende Woord, is die verpersoonliking van God se liefde en genade. Daarom is die geskrewe Woord (die Bybel) waarby niemand mag byvoeg of wegneem nie, volkome, volledig, voldoende en onfeilbaar, die waarheid bo alles (NGB Art. 7).

Mirjam en Aäron het groot geskrik. Hulle wou Moses op “hulle manier” reghelp, maar moes vinnig besef dat God ander planne met Moses en sy Kussitiese vrou het.

As iemand vandag nie kan sê: “So spreek die Here nie!”, laat hy of sy dan eerder stilbly!

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 4, 5

Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)